

Spesiale breukname:



Wanneer die getal bo-op die lyn die helfte van die getal onder die lyn is:

$\frac{1}{2}$ Helfte Halwe Half


Wanneer die getal bo-op die lyn een vierde van die getal onder die lyn is:

$\frac{1}{4}$ Kwart 'n Vierde

Wanneer die getal bo-op die lyn drie vierdes van die getal onder die lyn is:

$\frac{3}{4}$ Drie kwarte Driekwart

Ons praat mos van "kwart", "half" en "driekwart" as ons met tyd en inhoud werk.




Hierdie sirkel is in vier gelyke dele verdeel. As ek 1 van die 4 dele wit hou, skryf ek dit so:

$\frac{1}{4}$ (een uit 4 of 'n kwart)

Daar is drie gelyke grys dele. Drie uit vier dele is grys.

$\frac{3}{4}$ (drie kwarte)



Hierdie sirkel is presies in die helfte verdeel. Twee van die vier dele is grys en twee dele is wit.

$\frac{2}{4}$ is grys en $\frac{2}{4}$ is wit. Om dit makliker te maak of om dit te vereenvoudig, sê ons:

$\frac{1}{2}$ is grys en $\frac{1}{2}$ is wit

...en as die hele sirkel grys is? Maklik! Die hele sirkel is grys. Dit is een hele.

$\frac{4}{4}$ of 1

